# MA Afrikatale (Gedoseer) (01250443)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |
| **Totale krediete** | 200 |
| **Kontak** | Prof E Taljard elsabe.taljard@up.ac.za +27 (0)124202494 |

## Toelatingsvereistes

**-** ’n Erkende honneursgraad in een van die Afrikatale met ’n gemiddelde van minstens 60% of in oorleg met die programbestuurder; of

- ’n Erkende vierjarige baccalaureusgraad (of ander gelykwaardige tersiêre kwalifikasie – met goedkeuring van die Senaat) ter waarde van 480 krediete in ’n toepaslike dissipline met fokus op die Afrikatale.

Daar kan van voornemende studente verwag word om ’n toelatingsopstel as voorwaarde tot toelating voor te lê of om addisionele modules/opdragte te doen ten einde die vereiste vlak van studie te bereik.

# Kurrikulum: Jaar 1

Kies vyf modules.

## Kernmodules

### Kreatiewe skryfwerk in Afrikatale 853 (AFT 853)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels en Afrikatale aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Kreatiewe skryfwerk in Afrikataal – isiNdebele, isiZulu, Sepedi of Setswana – vir studente met besondere belangstelling in die skryf van hul eie, oorspronklike, kreatiewe werke. Die module het ten doel om studente te lei en by te staan in die produksie van portfolio van kreatiewe skryfwerk van hoogstaande gehalte wat fiksie, drama, poësie, biografiese asook outobiografiese skryfwerk kan insluit. Daar sal van studente verwag word om aantal werkswinkels op die Hatfieldkampus by te woon.

### Simultaantolking 813 (TRL 813)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | TRL 811 en TRL 812 |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessies per week, 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Studente wat in tolking spesialiseer mag hierdie module neem indien hulle die module TRL 812 geslaag het.

Lesings is op die teorie en praktyk van simultaantolking (konferensietolking) van mondelinge tekste en toesprake gerig. Hierdie tegniek word deur middel van verskeie oefeninge bemeester en praktiese oefeninge (in die student se gekose taalkombinasie) in die tolkingshokkie sluit die module af. Studente sal deur mondeling eksamen na afloop van die module geëvalueer word.

### Dialektologie: Nguni en Sotho 851 (AFT 851)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels en Afrikatale aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |

| | |
|---|---|
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Dialektologie van die Nguni- en Sothotale. Historiese ontwikkeling van dialektologiese teorie en praktyk: teoretiese perspektiewe op die dialektologie. Taalvariasie. Die verhouding tussen dialektologie en taalkunde. Bestudering van die linguistiese kenmerke van enkele Nguni- en Sothodialekte.

## Vertaalteorie 851 (TRL 851)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie module is verpligtend vir studente wat beplan om in die miniverhandeling op vertaling te foukus. Studie van die belangrikste eienskappe van, en vergelyking tussen, verskillende vertaalmodelle, soos teksgeoriënteerde, funksionele, prosesgesentreerde en resepsiegebaseerde vertaalmodelle. Die verskuiwing vanaf voorskriftelike teorieë na deskriptiewe/beskrywende werkswyse binne die studieveld van vertaling. Korpus-gebaseerde vertaalkunde (corpus-based translation ctudies) (CTS): teorie en praktyk; die gebruik en toepassing van menslike taaltegnologie (MTT) in CTS.

## Leksikografie 851 (LEX 851)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Inleiding tot die basiese konsepte van die leksikografie; tipologie van die woordeboek; struktuur van die leksikon; preskriptiewe vs deskriptiewe woordeboeke; behoeftebepaling; problematiese aspekte van lemmatisering; bou van korpusse; kruisverwysing as leksikografiese hulpmiddel; inleiding tot die vak leksikografie.

## Konsekutiewe tolking 812 (TRL 812)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | TRL 811 |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |

| | |
|---|---|
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Studente wat die TRL 811 module geslaag het, mag in die tweede semester in tolking spesialiseer. Hierdie tweedesemestermodule is op die tegniek van professionele konsekutiewe tolking toegespits. Die module sluit beide gesamentlike lesings in Engels en praktiese groepsessies in, afhangende van die studente se taalkeuses. Mondelinge eksamen sal na afloop van hierdie module studente se bemeestering van hierdie tegniek toets.

## MTT in vertaalpraktyk (2) 810 (TRL 810)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Gevorderde vertaalbeginsels en -praktyk. Toepassing deur studente van hul kennis van die gebruik van menslike taaltegnologie (MTT) in die vertaalpraktyk. Spesialisering in verskillende tipes vertaling soos onder andere tegniese vertaling, regsvertaling, literêre vertaling (prosa en/of poësie), administratiewe vertaling (diensprosa), vertaling van advertensies, ens. In oorlegpleging met die dosent, spesialiseer die student in een of meer van hierdie vertaalterreine, in enige twee tale aangebied deur die Taaldepartemente mits die spesifieke taalkombinasie in daardie spesifieke jaar geakkommodeer kan word. Waar moontlik word praktiserende vertalers wat in verskillende tipes vertaling spesialiseer, by die module betrek.

## Drama in Nguni en Sotho 852 (AFT 852)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels en Afrikatale aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Verskillende teoretiese benaderings tot die analise van die drama in die Nguni- en Sothotale.

## MTT in leksikografie en NTV 852 (LEX 852)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |

| | |
|---|---|
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Inleiding tot die kernaspekte van menslike taaltegnologie in die leksikografie en natuurlike taalverwerking met fokus op die samestelling en manipulering van korpusse, bou en validering van spelkontroleerders en die gebruik, samestelling en gebruiksmonitering van papier-, elektroniese en internetwoordeboeke.

## Tolking: Inleiding 811 (TRL 811)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Studente word ook sterk aanbeveel om voorgraadse modules uit die programme in politieke wetenskappe en internasionale studies programme vir niegraaddoeleindes te neem.
Inleiding tot die tolpraktyk
Hierdie eerstesemestermodule dien as inleiding tot die vaardighede wat vir mondelinge vertaling vereis word. Lesings is gerig op die teorie en praktyk van verskeie tolkingstegnieke, onder meer mondelinge samevattings, sigvertalings en herbewoording van mondelinge tekste en toesprake, asook die praktyk van liaison-tolking in professionele situasies. Afhangende van die studente se taalkeuses, wat bo en behalwe Engels enige taal/tale wat op MA-vlak aangebied word mag insluit, sal hulle vir sekere lesings in kleiner groepe opgedeel word. Na afloop van hierdie module sal studente ‘n mondelinge eksamen aflê om hulle bemeestering van hierdie tegnieke te toets.

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

### Miniverhandeling: Afrikatale 896 (AFT 896)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 100.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die miniverhandeling moet die resultaat wees van onafhanklike navorsing oor enige van die volgende onderwerpe: taalkunde (Afrikatale), letterkunde (Afrikatale), die onderrig van Afrikatale, vertaling, leksikografiese en/of terminologiese aspekte rakende die Afrikatale. Benewens die analise en interpretasie van navorsingsresultate, moet die miniverhandeling ook omvattende literatuurstudie en sintese van bestaande beskouinge rakende spesifieke onderwerp soos weerspieël in die literatuur, bevat. Lengte: 18 000–20 000 woorde.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.